

# Die Christelike geloof teenoor godsdiens

*The old Adam must literally be drowned anew every day.* — Emil Brunner

## Die Christelike geloof teenoor godsdiens

Ken Blanchard bekende skrywer (*We are the Beloved*) vertel van 'n ete wat hy en Bill Hybels saam gehad het. Blanchard val weg met die vraag: “Hoekom die oersonde? Dit is te negatief?” Bill Hybels verduidelik vir hom die verskil tussen die Christelike geloof en godsdiens.

Hybels: “Jy spel godsdiens D-O-E-N. Dit beteken jy moet allerhande dinge doen om die Here se genade te ontvang. Godsdiens beklemtoon wat jy alles moet doen om God se guns te behou. Watter nuwe bladsy jy moet omblaai? Watter nuwe toewyding is nodig om jou saak met God reg te stel? Die probleem met godsdiens en hierdie “doen” filosofie is dat mense tou opgooi, want hulle weet nooit wanneer genoeg genoeg is nie. Sê nou maar jy doen 2500 goeie dinge in jou lewe en die Here sê vir jou: “Nie sleg nie, maar jy het 3000 goeie dinge nodig gehad.”

Bill Hybels gaan voort: “Jy spel die Christelike geloof: G-E-D-O-E-N. God het Jesus na die aarde gestuur om jou te versorg. Jy kan nie goed genoeg presteer of genoeg goeie dinge doen om in die hemel te kom nie. Jy kan net toegang kry as jy erken dat jy 'n sondaar is en om dan vir Jesus Christus as jou Verlosser te aanvaar. Hy is die enigste een wat jou verled kan skoonmaak. Jy kan dit nie self doen nie ... Hy kan jou nie alleen verlos nie, maar Hy kan jou gids en vriend word. Hy kan jou lewe verander.

Eenvoudig. Soos Blanchard erken het hy vir jare gereeld eredienste bygewoon, maar nooit die boodskap van genade so duidelik gehoor nie. Hybels sê ons geloof gaan nie oor toewyding en opvolg nie, maar oor ontvang en vertrou.

